

I.

KERKLIKE UITSPRAKE OOR DIE GROOT TREK


Die Groot Trek van 1836 en volgende jare is een van die mees betekenisvolle gebeurtenisse in die geskiedenis van Suid-Afrika. Sy gevolge was baie groter as wat vérsiende manne kon voorspel het.

Eén van die gevolge was die uitbreiding van die Nederduits-Gereformeerde Kerk buite die destydse grense van die Kaapkolonie, hoewel dit hom laat verstaan dat die Kerk aan die begin met leedwese die verlies van duisende lidmate gadesgeslaan het. Wat meer is, die Kerk het hom geroepe gevoel om 'n waarskuwende stem teen die beweging te laat hoor. In „De Herderlijke Herinneringen en Toespraken” by die sluiting van die Sinodale Vergadering in 1837 in die Luterse Kerk, Kaapstad gehou, kom die volgende vermaning voor :—

„Te regt bedroeft zich de Synode over den tegenwoordigen toestand van zoo vele Lidmaten der Hervormde Kerk, die hunne haardsteden en altaren hebben verlaten, zonder eenen Mozes of Aaron de woestijn introkken, en zonder belofte of aanwijzing thans een Canaan voor zich opzoeken.

De Synode houdt die allen verantwoordelijk voor hun gedrag en wil hen slechts bij deze gelegenheid herinnerd hebben aan hunne dure verplichting, die zij bij den doop hunner kinderen op zich namen, en aan de belijdenis, die zij zelve vrijwillig aflegden, toen zij tot leden der kerk werden toegelaten. Zoo kan de Synode hare goedkeuring geenszins hechten aan het voornemen van velen die deze Nomaden op 't spoor wenschen te volgen, zoo lang zij zich niet overreden kan, dat het een gebiedende wenk der Goddelijke Voorzienigheid is.

Zij herinnert hen het zeggen van den Heiland, ‚Die zijn kruis niet opneemt en Mij navolgt, kan Mijn discipel niet zijn.‘ Zij vermaant met allen ernst elk en eenen iegelijk, om onderworpen te zijn aan hen, die God over hen gesteld heeft als Zijne dienaars, en met allen aandrang te bidden, dat deze het wereldlijke zwaard met gerechtigheid en bescheidenheid mogen dragen. Het is toch laakbaar, dat



DIE LUTERSE KERK, KAAPSTAD,

waar die Synode, wat 'n uitspraak oor die Groot Trek gedoen het in 1837 vergader het omrede die Grote Kerk toe nog in aanbou was.

men de Overheid verge, dat deze zich uitsluitend naar onzen zin en belangen schikke, daar zij zelve bovendien in afhankelijkheid van hoogere magten zich gedragen moet, en veeltijds naar ontwerpen handelt, welke betrekking hebben op het algemeene welzijn en die de toekomstige welvaart van het land verzekeren. De staatkunde moge dan ook in onze dagen verordeningen daarstellen, die met


onze wijze van denken en handelen of met onze belangen strijdig schijnen, vergeten wij niet dat alle deze eene wijziging erlangen naar mate van onze gehechtheid aan godsvrucht en deugd.

Blijft dan volstandig gelooven en betrachten, wat de Godsdienst van Jezus in alle betrekkingen en toestanden van hare belijders vordert. Hij, de Alleenheerscher der wereld, gebruikt vorsten en natien, dan eens om volken en landen te zegenen, dan weder om ze te beproeven en te doen ontluiken, of ook wel om ze te tuchtigen en te straffen. Veel, wat ons heden kwaad toeschijnt, wordt ons dikwijls op morgen tot eenen zegen; wat ons tijdelijke schade veroorzaakt, een middel tot bevordering van ons eeuwig geluk." ¹⁾

Ds. T. J. Herold, destyds predikant op Stellenbosch, wat indertyd (1815) die opstandeling van Slagtersnek toe hulle tereggstel is, met geestelike troos in hul laaste oomblikke op versoek van die Kaapse Goewerneur bygestaan het, was die opsteller van hierdie „Herderlijke Brief.” Die bespreking daarvan het wel heftige teenstand uitgelok, want daar was etlike predikante (Di. G. W. A. van der Lingen, H. A. Moorrees, H. Sutherland en G. Morgan) wat ernstig beswaar gemaak het teen die bewerings omtrent die „Uitgewekenen,” soos die Voortrekkers toe meesal genoem is. Die twee eersgenoemdes het volgens die Handeling van die 29ste sitting verklaar „dat zij zich geheel met den brief niet konden vereenigen,” terwyl die laasgenoemdes volgens 'n verslag in 'n Kaapstadse koerant *De Mediator* van 26 Desember 1837 die weglating in die brief „omtrent de zaken van de Frontieren, wyl het geene Kerkelijke maar politieke zaken zijn,” voorgestaan het. Tog is die „Brief” goedgekeur deur die meerderheid. In alle geval, uit hierdie vermaning blyk duidelik dat die Sinode aan die één kant bevrees was vir die gevaar waarvoor die Voortrek-

¹⁾ Kaapse Kerkargief S 6 pag. 1350.

kers blootgestaan het, naamlik om geestelik te veragter, terwyl hy aan die ander kant oorgehel het na die beskouing wat die Trek as 'n daad van ongehoorsaamheid teenoor die regeringsgesag veroordeel het.



DS. T. J. HEROLD.

Tot verkryging van 'n juiste perspektief vir die beskouing van hierdie verklaarde houding van die Kerk teenoor die Trek, is dit nodig om te let op die vorm van Kerkbestuur wat toe in werking was.

Wat die regeringsvorm betref, het die eerste Sinode, wat in 1824 gehou is, besluit „dat de Kerkenorder door den Heer Commissaris Generaal, Mr. J. A. de Mist, in het jaar 1804 ontworpen, beschouwd zal moeten worden als de grondwet der Hervormde Kerk in deze Volkplanting”).

Volgens hierdie „Kerk-Order” was die mag van die Kerk heeltemal ondergeskik aan die van die Staat. Die Regering het die predikante verskaf, aangestel en besoldig en oor hulle dienste beskik, sodat hulle feitlik staatsamptenare was. Die kiesing van kerkraadslede was onderhewig aan die goed- of afkeuring van die Goewerneur. En op die Algemene Kerkvergaderings was die Regering verteenwoordig deur twee Kommissarisse-politiek deur die Goewerneur benoem. Die Kommissarisse het advies uitgebring vóórdat tot ’n besluit oorgegaan is, terwyl hulle ook die reg gehad het om besluite op te skors totdat die gevoelens van die Goewerneur daaromtrent ingewin was.

As in gedagte gehou word dat die Regering die Trek, veral by die begin, as ’n daad van opstand teen die Owerheid beskou het, dan is dit verstaanbaar dat die Sinode tot hierdie beskouing oor-gehel het — te meer as ons bedink dat presies die helfte (elf) van die predikante wat daarop teenwoordig was, nie gebore Afrikaners was nie. En die meeste van hierdie predikante was leraars juis in die grensgemeentes, waaruit die grootste volksverhuising plaasgevind het, en dis begryplik dat hulle nie die gevoelens van die ontevredenes in alle opsigte gedeel het nie en met die groot volksbeweging minder of glad nie in simpatie was nie.

²⁾ Kaapse Kerkargief S 1 pag. 408.

Trouens, daardie predikante was eerlik daarvan oortuig dat hoe ellendig die toestand van die grensboere ook al was, dit altyd nog beter onder die beskerming van die Britse vlag sou wees as om hulle in die woeste wildernis te begeef.



SKOTSE PREDIKANTE OP DIE GRENSE, 1837.


Boonste ry, van links: Di. C. Fraser (Beaufort-Wes), A. Murray (Graaff-Reinet) en G. Morgan (Somerset-Oos).

Onderste ry, van links: Di. J. Taylor (Cradock), A. Smith (Uitenhage), J. Pears (Albanie), W. Thompson (Stockenström) en T. Reid (Colesberg).

In verband hiermee moet gewys word op 'n paar besluite van die Ring van Graaff-Reinet in 1840 wat lig werp op hierdie beskouing van die Sinode oor die onderhawige kwessie.

Op die Ringsvergadering van 20 November het Ds. Thomas Reid van Colesberg gevra: „Zal dit met de goedkeuring en toestemming van de Eerw. Ringsvergadering zijn dat de leeraar van Colesberg een gedeelte van de uitgetrokkenen thans woonachtig langs Riet-, Zand- en Kaffer-rivieren bezoeke om alleenlijk het Evangelie onder dezelve te verkondigen?” Hierop het die vergadering die

volgende antwoord gegee: „Dat de vergadering het doel van den WelEerw. Reid ten volle goedkeurt en dat zij geen objectie ziet tegen het bezoeken van de bedoelde menschen om alleenlijk het Evangelie onder hen te verkondigen, mits dat zulks geschieden kan zonder eene overtreding van



Ds. T. REID.

de wetten des lands, en overeenkomstig met de behoorlijke waarneming van zijn pligt als Leraar van Colesberg.”³⁾

Hier moet gelet word op die uitdruklike bepaling dat Ds. Reid alleen die Evangelie onder die emigrante mog preek, m.a.w. die bediening van die Sakramente aan en onder hulle was uitgesluit—wat 'n sydelingse toepassing van sen-

³⁾ Kaapse Kerkargief R 7 pag. 238.

suur was. Die Ring was dus die heersende beskouing van daardie tyd toegedaan, nl. dat die „Uitgewekenes” in opstand teen die wettige Owerheid verkeer en dat om dié rede die bediening van die Sakramente aan hulle ontsê moes word.

Nog duideliker kom hierdie beskouing van die Ring op dieselfde vergadering uit in sy antwoord op 'n soortgelyke versoek van Ds. John Taylor van Cradock.

Vooraf dien vermelding dat hierdie predikant in 'n brief wat hy hieroor onder datum 28 September 1838 privaat aan die Sekretaris van die Goewerment gerig het, sê dat hy altyd sterk teen die emigrasie gekant was, maar dat hy tog heeltemaal gewillig was om, op uitnodiging van die emigrante, hulle tydelik te gaan besoek en onder hulle te preek, die Sakramente te bedien en ander herderlike pligte te vervul. Daarby het hy gevoeg dat hy, as die Goewerment hom verlot gee om te gaan, hom alleen by sy herderlike pligte sou bepaal en dat hy niks met die politiek sou te doen hê nie.⁴⁾

In verband hiermee het hy by die Ringsvergadering 'n skriftelike versoek ingedien in die volgende bewoording :

„Ik ondergeteekende verzoek van deze Hoog-Eerwaarde Vergadering dat eenigen van myne Broederen leeraren in dit Ringsressort mogen toegelaten of gelast worden om mynen dienst in myne gemeente voor my te doen, mits dat ik mogte voor drie maanden gaan om de Emigranten te bezoeken, en al myn werk als leeraar naar de omstandig-

⁴⁾ Kaapse Staatsargief C.O. 882 No. 76. In *De Zuid-Afrikaan* van 1 Junie 1838 skryf „Een Inwoner” van Cradock: „Op den 13 Maart l.l. nam onze leeraar [Ds. Taylor] zynen text uit den Propheet Jona, dat hy vlugtte voor God, en bragt het over op diegenen die nu staan emigranten te worden; maar onze Leeraar heeft het hier mis, want niemand van de gemeente hier is zoo onkundig, dat hy de hand des Heeren zoude willen ontvluchten. Zy willen alleenlyk maar trekken waar de heerschappy van Doctor Philip niet meer geërbiedigd wordt.”

heden zoo ver als ik kan te verrichten, daar Zyne Excellentie de Gouverneur my schriftelik permissie daartoe gegeven heeft."

J. Taylor.⁵⁾

Hieruit blyk dat Ds. Taylor begerig was om al sy werk as leraar te verrig, dus ook om die Sakramente te bedien, veral daar die Goewerneur hom daartoe verlof gegee het. Hierteen het die Ring egter beswaar gehad.

In die Notule staan :

„Dit verzoek gaf aanleiding tot vele aanmerkingen over den toestand der Uitgewekenen. Alle de leden der vergadering toonden hartelyk belang te stellen in hun geestelyke welvaart en de vurige wensch te koesteren dat het Ewangelie onder hen mogte verkondigd worden. Doch vele zwarigheden werden geopperd tegen het inwilligen van het verzoek van den Wel-Eerw. Heer Taylor in den vorm waarin dezelve voorkomt, vooral met betrekking tot het uitdeelen der Heilige Sacramenten onder de Uitgewekenen in hunne tegenwoordige omstandigheden." ⁶⁾

Ná beraadslaging is toe hierop as volg besluit :

„Dat deze vergadering, veronderstellende dat de Wel-Eerw. Heer Taylor schriftelyk permissie van Zyn Excellentie den Gouverneur verkregen heeft om voor den tyd van drie maanden buiten de grenzen te gaan, zoodanig verlof niet kan teenstaan onder deze stellige voorwaarde dat Syn Weleerwaarde aan deze vergadering de verzekering zal geven dat hy aldaar de Sacramenten niet zal uitdeelen noch lidmaten aannemen." ⁷⁾

Hierop het Ds. Taylor verklaar : „Zich aan het besluit der vergadering te onderwerpen en beloofde plechtiglyk zich daarnaar te zullen gedragen in geval hy de Emigranten mogte bezoeken." ⁸⁾


⁵⁾ Kaapse Kerkargief R 7 pag. 230.

⁶⁾ Idem, pag. 239.

⁷⁾ Idem.

⁸⁾ Idem.

Die Ring het dus die versoek voorwaardelik toegestaan. Ds. Taylor mog gaan om aan die Voortrekkers die evangelie te verkondig, maar hulle moes, weens hulle opstand teen die staatsgesag, van die bediening van die Sakramente verstoke bly.



DS. J. TAYLOR.

Die Redaksie van *Elpis sê*: „De voornaamste reden dezer voorwaarde schein geweest te zyn, dat de motieven der Emigratie by velen uit onzuivere beweegredenen waren voortgesproten, en zy toen ter tyd werden beschouwd als in opstand tegen de wettige Overheid; ook had men gene vrymoedigheid eene beweging aan te moedigen, die men niet goedkeuren kon.”^{*)}

^{*)} *Elpis* was 'n „Algemeen Tydschrift voor Zuid-Afrika” wat in 1857 opgerig was en gestaan het onder die redaksie van Dr. P. E. Faure (Wynberg), Dr. S. Hofmeyr (Colesberg — Montagu), Ds. G. W. A. v. d. Lingen (Paarl), Prof. J. Murray (Burgersdorp — Stellenbosch) en ander geleerdes in Suid-Afrika en Nederland.

Ds. Taylor het sy voorgenome besoek vereers afgestel en Ds. Reid het sy plan later ook laat vaar — waarskynlik het die Voortrekkers te kenne gegee dat die voorgenome besoeke met die beperkinge daarby nie erg welkom sou wees nie. In alle geval, die Ring het na luid van dié besluite sy houding teenoor die Trek duidelik verklaar.

Onder die predikante in die Ringsressort was daar dan ook geeneen wat 'n gebore Afrikaner was nie. Hulle was almal Skotte wat nie die eintlike betekenis van die Groot Trek verstaan het nie en dis begryplik dat dit vir hulle des te gemakliker was om, as gebore Britse onderdane en as troue Staatsamptenare, die Regering van die tyd na die mond te praat en die emigrante as opstandelinge te behandel. Andersyds was hulle ook in 'n moeilike posisie geplaas omdat die Kerk so geheel afhanklik was van die Staat en die Kerk gevolglik nie vryheid gehad het om te handel of hom te laat geld nie.

Tog is die besluite van die Graaff-Reinetsse Ring minder verskoonbaar as ons bedink dat Goewerneur Sir Benjamin D'Urban openlik gesê het „dat het hem schier onmogelik schein om door eenige bestaande of op te stellen wetten personen, die de Kolonie wilden verlaten, dat te verhinderen.”

En in 1837 het Kaptein (later Sir) Andries Stockenstrom aan die inwoners van Uitenhage uitdruklik verklaar dat „hy van geen wet kennis droeg die Zyner Majesteits Onderdanen beletten kon zyn gebied te verlaten, en zich in een ander land neer te zetten, en zulk een wet als zy bestond, zou tyranniek en onderdrukkend zyn.”

In die begin egter van die volgende jaar (1838) het die nuwe goewerneur, Sir George Napier, aangekom en op die 27ste April het hy in 'n publieke kennisgewing o.a. by alle predikante aangedring

om hul invloed te gebruik om verdere emigrasie teen te gaan in die volgende bewoording: „Zyne Excellentie vermaant ten ernstigsten . . . alle Predikanten . . . die niet anders dan het onvermydelijk gevolg van deze razerny van Emigratie kunnen voorzien om door alle middelen in hun vermogen te trachten diegenen die voornemens zyn te emigreeren terug te houden van een plan dat vroeger of later hunzelf in zekere en onherstelbare ondergang zal storten.”¹⁰⁾

En 'n maand later het hy in 'n openbare brief (in *The Government Gazette* van Julie 1838) „aan de boeren, die over de Grenzen der Kolonie zyn getrokken” geskryf „dat hun uittogt naar de Binnenlanden hen geenzins kan ontslaan van hunne verschuldigde getrouwheid als Britsche onderdanen, noch van hunne onderwerping als zoodanig aan de in deze Kolonie regerende wetten, zoowel als aan de Regtsbanken, die deze wetten handhaven.”

Kort ná hierdie kennisgewing van die Goewerneur het Ds. (later Dr.) A. Faure van Kaapstad in 'n omsendbrief¹¹⁾, die predikante aangespoor om aan die oproep gehoor te gee; en dis seker dat die predikante hulle ten stelligste verplig geag het om, gehoorsaam aan die bevel van die Goewerneur, verdere emigrasie ten sterkste af te raai, terwyl die opvatting van die Goewerneur as sou diegene, wat reeds die Kolonie verlaat het, nog steeds trou aan die Britse owerheid verskuldig wees, dit vir die Kerk ook uiters moeilik gemaak het om hulle status as lidmate te kontroleer. Hierdie laaste punt is ook in die Graaff-Reinetse Ringsvergadering en wel reeds in 1838 te berde

¹⁰⁾ *The Government Gazette*, 4 Mei 1838.

¹¹⁾ Kaapse Staatsargief C.O. 284, No. 22.

gebring na aanleiding van die twee navolgende vrae van Ds. Reid van Colesberg:

1. „Hoe men handelen moet met degenen die de Colonie verlaten hebben, en boven een jaar ver buiten de grenzen woonachtig zyn geweest, indien de zoodanigen terugkeren en de voorregten der Kerk eischen zouden?“

2. „Hoe men handelen moet met degenen die alhier tot ledematen aangenomen zyn geworden, en nog aan de Hervormde Kerk gehecht zyn, die door armoede en andere oorzaken zyn genoodzaakt buiten de limieten der gemeente te zwerven of te wonen“¹²⁾

Hierop het die Ring die volgende antwoord gegee: „De bovenstaande vragen beschouwd wordende als zeer naauw aan elkander verbonden, werden ze beide te zamen in overweging genomen, en na dat er veel gediscoureerd was over de moeilijken en buitengewone aard, werd op voorstel van den Hoog-Eerw. Praeses [Ds. A. Murray Sr.] besloten ten antwoord te geven—

„Dat de Ringsvergadering zich bezwaard gevoelt wegens de bijzondere en ongehoorde omstandigheden waarin de bewoners van de gewesten aan de Noorde zijde der Oranje Rivier en buiten de grenzen der volkplanting gelegen zich bevinden om een algemeene regel voor te schrijven, waarnaar men behoort te handelen in ieder geval 't welk zoude kunnen gebeuren, maar dat de Vergadering ieder Kerkraad recommandeert om in elk bijzonder geval van dien aard waarop bedoeld wordt te handelen zooveel als mogelijk met de grootste voorzigtigheid en tevens met Christelike toevendheid. overeenkomstig met de bestaande wetten en gebruiken der Kerk.“¹³⁾

Hieruit blyk dat die Ring enersyds bevrees was om iets te doen wat deur die outoriteite verkeerd kon opgevat word, hoewel dit andersyds geensins sy bedoeling was om die emigrante eenvoudig aan hulle lot oor te laat nie.

¹²⁾ Kaapse Kerkargief R 7 pag. 8.

¹³⁾ Idem, pag. 9.

Die Redaksie van *Elpis* sê (onder die hoof „De Z.A. Republiek, ens.,” in No. 1, Deel II, 1858) :

„De houding welke de Uitgewekenen teenover de Regering hadden aangenomen, had het tot een moeilijk vraagstuk gemaakt voor de Hollandsche Gereformeerde Kerk, op welke wijze in hunne geestelijke behoeften zou worden voorzien. Hunne belangen werden echter niet vergeten, ook kwamen de meesten hunner van tijd tot tijd terug, ten einde binnen de Kolonie hunne kerkelijke voorregten te genieten en dan weder af te reizen.”

Uit hierdie een en ander blyk duidelik dat veral die vernaamste kerklike leidsliede, soos trouens baie Hollandssprekende Afrikaners uit daardie dae, regeringsgesind was. Hulle was dit as kinders van hul tyd na die drang van die heersende opvattings. Die volksbewussyn was in die ou Kaapkolonie nog nie tot ontwaking gekom nie. Die openbare mening was teen die Groot Trek gekant en die Kerk was met knellende en kwellende bande aan die staatsgesag onderworpe. Toe hierdie bande later losgemaak is, het daar verandering in die gewenste rigting gevolg en 'n later geslag het die Trek verstaan en daarmee gesimpatiseer.

II.

KERKLIKE TOESTANDE TYDENS DIE GROOT TREK.

Tussen die jare 1836 en 1841 toe die Groot Trek in volle swang was, is daar slegs agt jong predikante, na volbragte studie uit Holland teruggekeer en gelegitimeer. En hulle is almal deur die Regering aangestel vir en geplaas in gemeentes wat reeds lank op leraars wagtende was. En die kerklike bestuur, soos in die vorige hoofstuk aangedui, het bly voortduur tot 1843, toe daar in die geskiedenis van die Ned.-Geref. Kerk 'n voorwaartse stap gedoen is. Aan die Kerk is op inisiatief van die Goewerneur Napier vanweë die destydse Wetgewende Raad 'n Ordonnansie (No. 7 van 1843¹) toegeken, waardeur aan hom algehele outonomie verleen is om sy eie wette te maak, te herroep of te verander. Hierdeur het die Kerk die geleentheid gekry om hom, wat betref sy bestuur, vry en onbelemmerd te ontwikkel sonder enige inmenging van die Staat. Wel moes die Kerk hom aan die bepalinge van die Ordonnansie hou, maar origens was hy vry om handelend op te tree waar hy dit in belang van sy lidmate nodig geag het. Die aanleidende oorsaak tot die aanname van hierdie Ordonnansie was moeilikhede wat in verband met die optrede van Ds. Robert Shand in die gemeente Tulbagh ontstaan het en wat die Goewerneur, as nominale hoof van die Kerk, luidens die Kerk-Order van De Mist, verplig het om hom met die geskille in

¹) Aangekondig in die Goewermments-Koerant van 14 Nov. 1843.

te laat — waartoe hy egter baie ongeneë was daar hulle geestelike sake en punte van disiplinee geld het.²⁾)



SIR GEORGE NAPIER.

Sir George Napier het hom dus beywer om van hierdie verantwoordelikheid ontslae te raak, wat hom ook geluk het deur die aanname op 8 November 1843 van die Ordonnansie „tot het herroepen van de Kerk Regulasieën [van De Mist] van den 25sten Juli 1804, en het vasstellen van andere in derzelve plaats.”

Eén vername gevolg wat die Ordonnansie te-weeg gebring het, was dat die Kerk sy aandag op praktiese wyse aan die belange van die Voortrekkers kon wy. Dit het die Ring van Graaff-Reinet gedoen toe hy in 1844 besluit het om 'n

²⁾ Kaapse Kerkargief S.R. No. 70 pag. 401.

briefwisseling met die „Uitgewekenen” te open,³⁾ wat die volgende jaar opgevolg is deur die afvaardiging van Ds. W. A. Krige van Victoria-Wes om hulle herderlik te besoek.

GEBREK AAN PREDIKANTE.

Vóór die tyd, gedurende die eerste dekade van die Groot Trek (1836—1846), is hulle bedien geword deur Sendelinge, wat nie in verband met die Ned.-Geref. Kerk gestaan het nie. Immers, geen enkele predikant van die Kerk het die Voortrekkers vergesel nie, nieteenstaande „de moeite die zij genomen hebben om eenen Leeraar te krijgen,”⁴⁾—soos die Engelse ingesetenes van Grahamstad aangestip het in die opdrag waarmee hul geskenk van ’n pragtige State-Bybel aan die aartsvaderlike Jacobus Uys in 1837 gegaard gegaan het. Bowendien is later weer herhaaldelik ernstige pogings aangewend om ’n leraar uit die Kolonie te kry, dog tevergeefs.

Voordat Andries Pretorius in 1838, ná die moord van Piet Retief en sy manne, na Natal getrek het, het hy aan Ds. G. W. A. van der Lingen van die Paarl geskryf en hom gevra of hy hom tog nie ’n goeie leraar kon aanwys nie „terwyl wij weet dat UEd. een ware Afrikaner ben.”⁵⁾ Van der Lingen *was* ’n ware Afrikaner wat toe reeds meer as enige ander predikant die bedoeling en betekenis van die Trek verstaan het, dog die toestande was sodanig dat hy aan die versoek nie kon voldoen nie, hoe diep hy ook vir die mense gevoel het. ’n Ander vooraanstaande predikant, Dr. Abraham Faure van Kaapstad, was

³⁾ Kaapse Kerkargief R. 13, Notule van Ringsverg. 17 Oktober 1844.

⁴⁾ *Het Z.A. Tijdschrift*, Deel XIV (1837), pag. 317.

⁵⁾ Transvaalse Staatsargief SS.1, R. 18/38.

minder simpatiek. Op 'n dringende memorie⁶⁾ van J. J. Burger, J. S. Maritz, A. W. J. Pretorius „representanten van den treksraad,” waarin hulle gesmeek het om „een trouwe Herder en Voorganger . . . die hem vasthoud aan de zuivere oude Hollandsche Gerevormeerde Godsdienst,” het Dr. Faure o.a. baie koud geantwoord: „Het heeft mij om zeer vele redenen bedroefd te vernemen dat gij deze volkplanting hebt verlaten en voornemens zijt zoo ver van ons, uw verblijf te vestigen in het grondgebied der Zoolahs” en gevra ingeval een of ander predikant gevind mag word om te gaan „wat ten naasten bij het traktement zijn zal, waarop hij zoude kunnen rekenen en op hoedanige wijze, dat aan hem zal worden betaald?” Geen wonder dat aan die versoek geen gehoor gegee is nie. Later toe die Ring van Graaff-Reinet aanstaltes begin maak om aan die smeekestemme indien moontlik gehoor te gee het kommandant J. G. Mocke van Modderrivier op 23 Januarie 1845 in antwoord aan Ds. C. Fraser van Beaufort-Wes o.a. geskryf: „Ik moet UEd. melden dat ik zeer daaroor verwondert ben, van mijn oude leeraar, dat hij mij en mijn onderhoorige burgers, zoo lang vergeten heeft, en nu op het eynde zoodaanige gemelde geschriften te ontvang, indien het onze begeerte is, om dan ook een Predikant uit uwe Gerevormeerde Koliege voor ons te willen hebben, dat wij zulks konde verkrijgen, en dat ik dan de traktement, wat wij zoo danigge Predikand zouden toeleggen, aan UEd. moeste melden, en tot wat besluit wij gekoomen ben.”⁷⁾ Die besluit was, skryf die Kommandant „om UE. voor UE. gunstiggen aanbod

⁶⁾ 'n Kopie van hierdie Memorie, waarvan die origineel verlore gegaan is, is te vind in die Voortrekkersmuseum op Pietermaritzburg.

⁷⁾ Kaapse Kerkargief R 13, Rings-notule, 14 Oktober 1845.

te bedanken — het speyd mijn, mijnheer, dat UE. niet eerder aan uwe oude vriende heeft gedag.”⁸⁾)

In verband met die ontstentenis van Hollandse predikante onder die Voortrekkers moet aan die een kant in gedagte gehou word dat die predikante as staatsamptenare gevaar geloop het



EERW. ERASMUS SMIT.

om hul traktement te verloor as hulle hul gemeentes verlaat, terwyl hulle aan die anderkant ook verpligtings gehad het teenoor dié wat nie getrek het nie en onder wie daar baie was wat deur die jongste Kafferoorloë onuitspreeklik swaar gely het. Daarby kom nog dat daar destyds geen predikante beskikbaar was nie. Intendeel,

⁸⁾ Kaapse Kerkargief R13.

die behoefte aan predikante was so groot dat die Kerk genoodsaak was om gebruik te maak van die aangebode dienste van Skotse predikante, en 'n nuwe of vakante gemeente moes soms jarelank wag op die aanstelling van 'n leraar.

DIENS VAN SENDELINGE.


Die drie sendelinge wat die Voortrekkers vóór die koms van 'n vaste predikant bedien het, was die eerwaarde here Erasmus Smit, 'n Hollander, Daniel Lindley, 'n Amerikaner, en Jakob Döhne, 'n Duitser. Al drie het uitnemende dienste aan die herderlose skape bewys en daarom word kort besonderhede omtrent iedereen van hulle hier gegee:—

ERASMUS SMIT — gebore 2 Augustus 1778 te Amsterdam; opgelei tot sendingleraar by die Nederlandse Sendinggenootskap; aangekom in Suid-Afrika 16 Oktober 1804 as enige oorgeblewe passasier op die *Zeenimf*, wat vergaan het; werksaam (a) as sendeling saam met dr. J. T. van der Kemp op Bethelsdorp, 1806; Tooverberg (later Genadeberg, nou Colesberg), 1814; Kookfontein (nou Beaufort-Wes), 1820; Stellenbosch, 1822; (b) as skoolmeester op Stellenbosch, 1830; Olifantshoek (nou Alexandria), 1832, toe hy met 'n suster van Gert Maritz getroud is; (c) as leraar onder die Voortrekkers, 1836; emeritus, 1840; oorlede 3 Augustus 1863. Sy dienste is gewaardeer geword, hoewel hy nie groot invloed onder sy gemeentelede gehad het nie.^{*)}

DANIEL LINDLEY — gebore 1801 in Ohio, V.S.A.; toelating as predikant van die Presbiteriaanse Kerk in Amerika, 1831; aankoms in Suid-Afrika as sendeling van die „American Board of Missions,” 1835; werksaamheid onder die heidene anderkant Vaalrivier en in Natal, 1836—1840; predikant onder die Voortrekkers in Natal, 1840—1847, gedurende watter tyd hy die Voortrekkerskerkie ingewy, etlike gemeentes gestig en onder honderde andere ook president Kruger tot lidmaat aangeneem het; hervatting

^{*)} A. Dreyer, *Die Kaapse Kerk en die Groot Trek*, pag. 193.

en voortsetting van sendingarbeid onder die Soeloes 1847—1858; rustyd in Amerika, 1852—1862; terugkeer in Suid-Afrika en hervatting sendingwerk, 1862—1873; emerituskap in Amerika, 1874—1880; aldaar oorlede in die hoë




DS. DANIEL LINDLEY.

ouderdom van 79 jaar. Stigting in 1876 van die Vrystaatse dorp en gemeente Lindley wat na hom genoem is uit dankbare erkenning vir sy dienste onder die Voortrekkers.¹⁰⁾

JAKOB LUDWIG DÖHNE — gebore 9 November 1811 te Zierenberg in Hessen Cassel, Duitsland; opleiding tot sendeling te Berlyn by „De Maatschappij ter Bevordering van de Verkondiging des Evangeliums onder de Heidenen van Zuid-Afrika”; ordening 1 Augustus 1835 te Berlyn; aankoms by die Kaap en tydelik werksaam op Franschoek, 1837; stigter van die Berlynse Sendingstasie Bethel in Brits-Kaffrarië, 1837, en daar werksaam tot 1846; tydelik leraar onder die Voortrekkers, 1850;

¹⁰⁾ *Die Kaapse Kerk en die Groot Trek*, pag. 208.

stigter van Sendingstasie Tafelberg in Natal in verband met 'n Amerikaanse sendinggenootskap, 1852; skrywer en uitgewer van eerste groot „Zulu-Kafir Dictionary,” gedruk in Kaapstad, 1857; terugkeer na Berlynse Genootskap, 1862; stigter 1871 van 'n gemeente in Natal wat hulle van die Ned.-Geref. Kerk onder sy leiding afgeskei dog later terugkeer het; skrywer van verskillende skool-



EERW. J. L. DÖHNE.

boeke en vertaler van die Nuwe Testament in die Soeloe-taal; driemaal getroud, die twee eerste huwelike met Duitse dames, die laaste met 'n Afrikaanse — mej. Carolina Watermeyer; oorlede 2 Junie 1879 op Fort Pine in Natal.¹¹⁾

Benewens hierdie drietal het ook Eerw. James Archbell, 'n Engelsman, wat as Wesleyaanse sendeling op Thaba 'Nchu werksaam was, godsdiens-oefeninge vir die Voortrekkers op hul deurtog gehou en die Sakramente onder hulle bedien. Tewens moet daar nog ander sendelinge gewees

¹¹⁾ *Die Kaapse Kerk en die Groot Trek*, pag. 210.

het wat hulpbetoon bewys het aan die herderlose kudde, en hul dienste is ook dankbaar erken, o.a. deur Piet Retief, die groot Voortrekker-leidsman, wat uit Port Natal onder datum 18 November 1837 aan familiebetrekkings in die Kolonie skryf: „Ik kan in het algemeen met veel lof spreken over de groote vriendschap en attentie der zendelingen.” En van die meergemelde Archbell getuig hy: „De Heer Archbell, de Wesleyaansche Zending, verdient allen lof wegens de wijze waarop hij het Instituut [op Thaba 'Nchu] onder het volk heeft daargesteld, en den aard van hetzelfde; het ware te wenschen dat alle die zich uitgeven als onderwijzers trachten hen op dezelfde spoor van godsdienst ijver en rechtvaardigheid te brengen.”

Dog hoe geseën en aanneemlik die werk van die sendelinge, wat almal eintlik aan ander Kerke behoort het, onder die Voortrekkers ook al mag gewees het, die toestand was onbevredigend. En dit is seker te betreur dat hulle so lank sonder behoorlike bediening deur hul eie Kerk moes bly. Daar was, soos hierbo aangetoon, geen predikante vir hulle te verkry nie en die enigste twee wat wel na Natal wou gaan en werklik op pad soontoe was, is verhinder geword om hul doel te bereik.

DIE PREDIKANTE HAM EN STUCKI.

Hierdie twee verhinderde predikante was Hollanders wat hulle vir diens in die Ned. Geref. Kerk aangebied het. Eersgenoemde, proponent P. N. Ham, is hierheen gestuur deur 'n Kerklike Kommissie wat in Amsterdam gestig is om die geestelike belange van die Voortrekkers te behartig. Vergesel van sy jong eggenote asmede van 'n onderwyser, Martineau, het hy die vader-

land met *De Brazilië*, 'n handelsboot, verlaat en op 7 Mei 1843 in Port Natal aangekom, dog die Britse owerheid, wat toe juis met anneksasieplanne behep was, het geweier om sy landing toe te staan. En aangesien daar ook juis in daardie dae Engelse versterkinge teen die Boere in Natal aangekom het, was daar vir *De Brazilië* geen ander alternatief nie as om weer te vertrek. Dit



Ds. P. N. HAM.

was 'n groot teleurstelling vir die mense wat so vurig op 'n eie predikant gehoop het en wat hul wens op die punt van vervulling moes verydel sien.

Die „super-carga” van die skip, sekere Smellekamp, het daarop probeer om met die Emigrante in verbinding te kom, en wel met die Potgieter-party, wat hom in die gebied oorkant die Vaal

gevestig het. Op weg daarheen is die onderwyser Martineau gestorwe en op Lourenço-Marques is Mevrouw Ham oorlede by die geboorte van haar kindjie. Dit het Ham so ontmoedig dat hy dit nie aangedurf het om hom onder die Voortrekkers te vestig nie. Hy het na die Kaapkolonie gegaan, is in Kaapstad by die Ned. Geref. Kerk gelegitimeer en was predikant eers van die gemeente Franschoek en later op Willowmore, waar hy in 1866 oorlede is.¹²⁾



Ds. A. C. STUCKI.

Die ander predikant, Ds. A. C. Stucki, het op aanraai en aandrang van Ds. A. F. du Toit van Wellington, wat hom op sy studie in Holland ontmoet het, in die middel van 1846 na die Kaap gekom. Ná legitimasie is hy deur die Goewer-

¹²⁾ Geschiedenis van de Ned. Herv. Kerk, door S. P. Engelbrecht, Deel I, pag. 27.

neur aangestel as predikant van Pietermaritzburg. Op 13 Januarie 1847 het hy met sy vrou daarheen vertrek. Hy het Natal egter nooit bereik nie, want in die nag van 25 Januarie is hy skielik op see oorlede. Toe sy vrou die anderdagoggend in die kajuit kom, het sy sy siellose liggaam tot haar groot ontsteltenis daar gevind.¹³⁾ Alleen moes sy toe haar weg na Pietermaritzburg vervol, waar sy veilig aangekom en 'n tydlank gebly en toe na Holland terug gekeer het.

Dit was dus baie ongelukkig dat albei die Hollandse predikante wat bestem was vir die bearbeiding van die Voortrekkers hul doel nie bereik het nie, en dat dit 'n groot teleurstelling vir die Voortrekkers was, spreek vanself. En daar sou nog etlike jare verby gaan voordat hulle, in 1849, hul eie predikant sou kry. In die tussentyd het hulle egter 'n tydelike besoek ontvang van 'n Kaapse predikant in die persoon van Dr. Abraham Faure van Kaapstad.

¹³⁾ Reis Naar en Verblijf aan de Kaap en te Natal, door wed. Stucki, pag. 57.

DR. A. FAURE SE AFVAARDIGING (1843).

In 1843 is Natal tot 'n Britse kolonie verklaar. Teen hierdie verklaring het die Republikeinse Regering van Natal, wat in 1839 tot stand gekom het, hom heftig verset, dog die Kaapse Goewerneur, Sir George Napier, het hom eenvoudig nie daaraan gesteur nie. Van die begin af het hy die erkenning van die Republiek gerepudieer. In 'n proklamasie het hy hul reg om 'n onafhanklike staat te vorm, ontken en verder ten sterkste verklaar dat hulle Britse onderdane bly en dat Port Natal deur Britse troepe beset sou word. Al hierdie dreigemente is deur die oorheersende mag uitgevoer, trots die dapper verset van die Boere. In Mei 1843 was die anneksasie 'n vol-donge feit. 'n Spesiale kommissaris, advokaat (later regter) H. Cloete, is toe aangestel om die regering namens die Britse bestuur waar te neem. Dat daar gevolglik oor hierdie gebeurtenisse heel-wat ontevredenheid onder die Natalse Voortrekkers was, is verstaanbaar.

Die Goewerneur het dit daarna goedge-dink om in die godsdienstige behoeftes van die mense enigermate te voorsien — wat hy gedoen het deur die afvaardiging van die welbekende en invloed-ryke Kaapstadse predikant, Dr. A. Faure, wat destyds Actuarius Synodi van die Kaapse Kerk was.¹⁾ Die Kerkraad het nie vóór Dr. Faure se vertrek offisieel kennis gedra van die afvaardiging nie, maar het later besluit „om niet alleen te

¹⁾ Kaapse Staatsargief, C.O. No. 1501.

berusten in de handelwyze van den WelEerw. A. Faure door het voldoen aan den wensch van het Gouvernement om zich naar Natal te begeven,



DR. A. FAURE, as jong predikant, 1843.

maar zelfs dank verschuldigd te zyn aan Zyn Eerw. voor het op zich nemen van die zending.”²⁾ Die doel van die sending was: „Ten einde onderzoek te doen naar de geestelyke behoeften der Uitgewekenen, die zoolang zonder een geregeld

²⁾ Kaapstadse Gemeentelike Argief, Notule-book, 4 Sept. 1843.

leeraar hunner Kerk geweest zyn."³⁾ Dit skyn egter eintlik minder nodig te gewees het, want Ds. Daniel Lindley was hul erkende en vertroude leraar. Vandaar o.a. die uitgedrukte vrees van die Kommissaris by die aankoms van Dr. Faure dat daar onder die mense van Pietermaritzburg „jaloesie” kon ontstaan.⁴⁾ Dit was die afgevaardigde dan ook duidelik te verstaan gegee dat hy onverwyld van Natal moes omdraai as die Kommissaris van oordeel was dat sy besoek nie „'n heilsame strekking” (beneficial tendency) onder die mense sou hê nie.⁵⁾ Dog alhoewel Cloete gevrees het, het hy tog „volkome vertroude gehad sowel in die ywer as die diskresie van Dr. Faure, oortuig synde dat sy versigtigheid 'n botsing sou voorkom met Ds. Lindley, 'n behoorlik geordende Presbiteriaanse predikant, gesalarieer deur die gemeente en werksaam op Pietermaritzburg.”⁶⁾ Die Goewerneur het die betaling van Dr. Faure se reiskoste gewaarborg terwyl hy natuurlik boonop salaris vir sy herderlike werk uit die skatkis sou ontvang. In hierdie verband sê die bekende historikus, Sir George Cory, dat die goewerneur Dr. Faure afgevaardig het „ten einde meer noukeurig agter die toestand van sake te kom sowel as om die evangelie te verkondig aan enige gemeente wat hom wou ontvang.”⁷⁾

Dr. Faure het 10 September 1843 te Port Natal (tans Durban genoem) aangekom en is daar deur sommige baie vriendelik, deur andere minder hartlik ontvang. In *De Zuid-Afrikaan* van 20 Oktober 1843 verskyn daar 'n berig van 'n Natalse korres-

³⁾ *Het Z.A. Tijdschrift*, onder redaksie van Dr. Faure, Sept. 1843.

⁴⁾ Bird, *Annals of Natal*, Deel II, p. 285.

⁵⁾ Kaapse Staatsargief, C.O. 1591.

⁶⁾ Bird, *Annals of Natal*, Deel II, p. 285.

⁷⁾ Cory, *The Rise of South Africa*, Deel IV, p. 191.

pondent wat sê: „Met weinig uitzondering is de Heer Faure als noch niet zoo hartlijk verwelkomd geworden door de emigranten als men had kunnen verwachten.” Die besoekende leraar het nege dae lank onder hulle aan die kus deurgebring omrede daar nie 'n geleentheid was wat hom en sy vrou eerder naar Pietermaritzburg kon vervoer nie. En in die tyd het hy die daarwonende lidmate besoek, waarskynlik in oorleg met die plaaslike kerkraad. Immers was daar destyds 'n afsonderlike gemeente te Durban, of juister gesê, te Paarde Plaat, 'n goewermentsplaas aan die kus, nie ver van die teenswoordige stad nie. Die gemeente was daar deur Ds. Lindley gestig en het hom uitgestrek tot aan Sterkspruit na die kant van Pietermaritzburg. Die kerkraad het, toe Dr. Faure daar kom, bestaan uit die ouderlinge A. de Jager en S. Landman en die diakens L. Fourie en F. de Jager. By die stigting in 1841 was die gemeente talryk, maar die getalle het afgeval deur verhuising na die binneland. Dr. Faure het 'n opgaaf gemaak van die lidmate deur hom daarlangs besoek en gevind dat daar 29 Hollandse benewens enige Engelse families woonagtig was en bo-aan die lys plaas hy die welbekende Voortrekker Carel Landman, wat hy „'n voortreflike, waardige man” (an excellent worthy man) noem. Hulle het nog nie 'n eie kerkgebou gehad nie en vandaar die gebruik deur Dr. Faure van die Wesleyaanse kerkie, waarin op 17 September 1843 die eerste evangelieprediking in Natal uit die mond van 'n gereformeerde predikant plaasgevind het. Die teks was Jesaja 3: 10, 11: „Zegt den rechtvaardige dat het hem welgaan zal; dat zij de vrucht hunner werken zullen eten. Wee den goddelooze, het zal hem kwalijk gaan! Want de vergelding zijner handen zal hem geschieden.” Die korrespondent, wie se berig daaromtrent in

De Zuid-Afrikaan van 20 Oktober 1843 verskyn, voeg daarby: „Volgens deze proeve neem ik gelegenheid te voorspellen dat de dienst van den Heer Faure onder Gods zegen voor velen nuttig zijn zal.” Daar is egter rede om te twyfel



DR. A. FAURE, op gevorderde leeftyd.

of die teks onder die omstandighede wyslik gekies was, veral daar Dr. Faure self in sy amptelike verslag omtrent sy afvaardiging aan die goewerneur o.a. verklaar het: „Ek het nie teruggedeins om sowel in die openbaar as privaat te getuig teen alles wat ek met die kristelike plig nie oor-

eenkomstig beskou het nie.”⁸⁾ En uit die verband is dit duidelik dat hy nie-onderwerping aan die Britse gesag as ’n versuim van die kristelike plig geag het. Inderdaad het hy later op Pietermaritzburg in die Voortrekkerskerkie groot aanstoot gegee deur in die openbaar van die kansel vir die Koningin van Engeland te bid. Hy het hom dan ook nie verder as die hoofstad ge- waag nie, veral toe die kerkraad van Weenen hom laat weet het dat sy besoek en diens daar nie welkom sou wees nie. En toe die Kommissaris Cloete aan hom skryf: „Ek rekommandeer u sterk om uself en u vrou nie bloot te stel aan die teenstand en belediging wat ’n onkundige en verdwaasde klomp mense mag tentoonstel nie”⁹⁾ het Dr. Faure dit gerade gevind die kuste van Natal dadelik te verlaat en huis-toe te keer.

Dr. Faure was 22 Desember veilig teruggekeer in die Kaapstad, waar veral van die kant van Engelssprekendes skikkings gemaak is om hom ’n welkomsadres vergesel van ’n waardevolle geskenk in silwer aan te bied. In verband met hierdie verwelkoming is daar egter so ’n opspraak verwek dat hy self in die openbare pers versoek het dat die reklame wat in verband met die aanbieding van die silwerskinkbord wat die welkomsadres vergesel het, stopgesit moes word. Hy het klaarblyklik gevoel dat sy invloed onder sy eie mense deur daardie betoging verswak sou word. Dr. Faure was gewis deur sy besielende prediking oor geestelike sake vele in Natal tot seën, ook het hy toesegging van £100 per jaar van goewermentsweë tot die salaris van Ds. Lindley verkry, dog wat die staatkundige bedoeling van sy sending betref, was dit slegs in sover ’n sukses te noem

⁸⁾ Kaapse Staatsargief, C.O. 1379.

⁹⁾ Idem.

dat hy in staat gestel was aan die goewerneur in 'n waardevolle en volledige verslag 'n korrekte kyk te gee op die politieke toestand van sake in Natal. Origens bevat dit ook informasie oor die stigting van die eerste gemeentes van die Ned. Geref. Kerk in Natal, die Vrystaat en Transvaal wat 'n mens nie elders kry nie.¹⁰⁾ Napier het die verslag met dank ontvang en onderaan geskryf: „Hierdie rapport dra die stempel van waarheid en opregte kristelike gevoelens en ek betreur slegs dat dit die bewys lewer hoeseer die gevoel van vyandigheid teen Britse Bestuur die groot massa van Emigrante besiel.”

Dr. Faure was as 'n Kaapstadse kind van sy tyd uit voeling met die vryheidsgees van die Groot Trek en daar sy hele optrede onder die Voortrekkers onderwerping aan die Britse gesag voorgestaan het, was sy besoek nie vir hulle so aangenaam nie. Dog volgens die oorlewering sou hy aan hulle gesê het: „Julle wil my nie ontvang nie, dog as my seun as predikant uit Holland klaarkom, sal ek hom na julle stuur.” En so het dit ook gebeur, soos later sal blyk.

¹⁰⁾ Sien in hierdie verband *De Honigby*, Jan. 1844.

IV.

DIE AFVAARDIGING VAN DS. W. A. KRIGE (1846).

Die besluit van die Graaff-Reinetsse Ring in 1844 „om een brief aan de Uitgewekenen tusschen de Grootte Rivier en Potchefstroom te adresseeren, hun toestand als verstoken van de genademiddelen beklagende, en tegelykertyd te vernemen wat hulp zy geven zouden by wyze van voorspanning zoo een Leeraar van den Ring ze zou kunnen bezoeken,”¹⁾ het die goedkeuring van die Kaapse Goewerneur weggedra.²⁾ Ds. C. Fraser van Beaufort [-Wes] was as korrespondent aangewys. Kommandant Mocke het namens 'n seksie van die Voortrekkers aan Modderrivier ontwykend geantwoord, soos ons reeds gesien het. Sy antwoord het daarop neergekom: Dis nou te laat vir die Kaapse predikante om ons te wil besoek. „Wy heeft,” het hy o.a. geskryf, „alle moeite en koste aangewenden naar dellagoo [Delagoabaai] alwaar wy de heer Smellekamp heef aangetrofven, alwaar wy toen onze besleuten heef genomen om onze Predekanten uit Holland te wagte sal weesen.”³⁾ Om die mentaliteit van kommandant Mocke te verstaan, moet onthou word dat hy 'n bitter teenstander van die gedragslyn van die Britse Regering in die Kaapkolonie was. Eers het hy hom met sy party in Natal gevestig, waar hy hom teen die anneksasie van 1842 verset het, en toe

¹⁾ Kaapse Kerkargief R13.

²⁾ Idem R13 Lb.

³⁾ Idem.

hy hom nie aan die Britse gesag daar wou onderwerp nie, het hy Natal verlaat en hom in Transvaal gevestig in 1845.

Sy kollega, kommandant M. A. Oberholster, van Rietrivier, was van 'n ander gesindheid. Hy het namens sy mense sy groot blydschap te kenne gegee oor „die opgewektheyd welk tans onder ons oude leerhaars gaande ben eens nog aan ons te giedenis het reyk van ons geesegende Verlosser onder ons te wille stegte tot bevordering en uitbryding van Zyn dierbaar Koningryk”⁴⁾, en in dieselfde antwoord het hy dit nodig geag om o.m. te meld: „Hier syn ook veele vershellende gemoederen onder de mensche welks harte maar al te veel med voor oordeele seyn ingenome. Soo als wy verstaad is daar sekere hollander met naame Smeltenkam [Smellekamp] die hem aan delgooasbaay [Delagoabaai] by de portegees onthoud . . . Hy heef een beelofte aan de mensche gedaan het land van hollandsche leerhaars te voorsien en dat maak de vershellende gemoederen geedurig gaande.”⁵⁾

Kommandant Oberholster was die hoof van 'n groep Voortrekkers ten noorde van die Oranjerivier omstreeks 1839. Theal sê hy was „a sensible man, well-disposed towards the British Government.”⁶⁾ Ná die anneksasie van Natal is hy, in 1844, met groot ongenade behandel deur die republikeinse party, wat hom as 'n verraaier beskou het.

Die teenoorgestelde gesindheid by die twee kommandante toon duidelik aan dat daar onder die Voortrekkers verskil van opvatting omtrent die houding van die Kaapse Kerk teenoor die

⁴⁾ Kaapse Kerkargief R13.

⁵⁾ Idem.

⁶⁾ Idem.

Trek was. Hoe dit sy, aan die besluit van die Ring is uitvoering gegee, hoewel Ds. W. A. Krige van Victoria (-Wes) alleen van die benoemde kommissie aan die afvaardiging deelgeneem het. Die ander twee lede het kop uitgetrek. Ouderling Barend Burger van Graaff-Reinet het op 29 April 1846 geantwoord: „Er legt een groote steen in ons weg naameleyk de Kaffer-oorlog. En voor myn, ik kan het niet waagen om weg te gaan. Die Konteryyen is hier byna ontbloot.”⁷⁾ Ds. C. Fraser van Beaufort-Wes het in 'n brief aan Ds. Krige ook van die Kaffer-oorlog gewag gemaak en o.a. gesê: „Such is the disturbed state of the country owing to the Kafir War . . . that I have resolved to remain at home until the Kafir War is past.” Hierby het hy heel vroom gevoeg: „I cannot speak for you—but should you prosecute your journey to Riet River then I must just tell you that your work shall be important. I cannot say to you: go, and I cannot say: remain at home—but should you go I shall sincerely pray that the Lord may be with you.”

Ds. Krige was blykbaar oortuig van die waarde en krag van 'n een-man-kommissie. In alle geval hy het hom nie uit die wind laat slaan deur die weiering van die ander genomineerde lede nie. Aan hom kom dus dan, ook tereg, die eer toe dat hy die eerste Ned.-Geref. predikant was wat die evangelie benoorde die Oranjerivier aan die Voortrekkers verkondig en hul kinders gedoop het. Uit die offisiële verslag⁸⁾ blyk interessante besonderhede. Op 8 Mei 1846 het Ds. Krige van Victoria-Wes vertrek en 'n week later, op Sondag, 17 Mei, het die eerste Gereformeerde evangelie-prediking deur 'n Ned.-Geref. predikant op

⁷⁾ Kaapse Kerkargief R13.

⁸⁾ Idem.

Vrystaatse bodem plaasgevind. Dit moet êrens op 'n boereplaas gewees het. By dié geleentheid is een-en-twintig kinders gedoop, waarvan sommige al 'n paar jaar oud was — 'n bewys dat die mense lank van kerklike bearbeiding verstoke was. Die volgende Donderdag is weer 'n aantal gedoop en op Sondag, 24 Mei,



DS. W. A. KRIGE.

weer 'n klomp — altesame vier-en-negentig gedurende die tydjie van Ds. Krige se besoek, wat slegs een maand geduur het, en waarop hy iedere Sondag en Donderdag godsdiensoefeninge op verskillende plase gehou het. Opmerklik dat hy in sy verslag kortaf uitdruklik sê: „Het Avondmaal is volstrekt niet bediend geworden.” Waarom nie, word verswyg. Waarskynlik was dit omdat die lidmate so ver uit mekaar gewoon het en daar nie 'n sentrale vergaderplek vir die plegtigheid

was nie. Of sou daar miskien nog vrees bestaan het dat daardie sakramentsbediening in sekere kringe moontlik aanstoot kon gee? Op die dae tussen die dienste het Ds. Krige „huisbezoeking” gedoen.

Op dié besoek is bevind dat die getal siele in die omtrek woonagtig 1,800 was, waarvan 401 lidmate van verskillende gemeentes in die Kolonie Die mense was baie begerig om 'n eie, vaste leraar te hê en het daartoe ook reeds pogings in die werk gestel om 'n fonds vir die aankoop van 'n kerkplaas byeen te kry. In oorleg met seker drie broeders, G. Oberholster, W. Jacobs en R. Weideman is op voorstel van Ds. Krige 'n Kommissie van 9 persone aangestel „om onverwijd weder aan het werk te gaan en te sien wat de mense vooordr eene Kerk en leeraar wilden doen.” Die lede van die Kommissie was, behalwe die drie genoemdes: A. I. Lubbe, T. A. du Toit, J. J. van Niekerk, W. J. Coetsee, S. W. van der Merwe en Christoffel J. Visser. Ds. Krige sê in sy verslag:

„Twee der bovengemelde broeders vergezelden den leeraar dan ook om de beurt en by elke der huisbezoekingen werden lysten voorgelegd en na byna 5 weken huisbezoekingen gedaan te hebben, bleek het dat de inschryvingen voor het aankopen van een Kerkplaats door mannen £668 14s. Od. en door vrouwen boven de £40 bedroeg— en de lijst voor den leeraar voor den tyd van 5 jaren, jaarlyks £124 5s. Od.”

Dit was 'n mooi som vir daardie dae van ontbering en rondswerwe en is 'n treffende bewys van die godsdienstsin van die mense wat hulle gedwing gevoel het huis en haard in die Kolonie te verlaat. Mooi ook dat die vroue toe alreeds in kerklike sake 'n helpende hand bygesit het. Ds. Krige laat daarop volg: „My dunkt zij zien hier brandend, verlangend uit naar een behoorlijk Godshuis en eenen Leeraar.” Van die aankoop van 'n kerk-

plaas het daar vireers niks tereg gekom nie. In die verslag word verder gesê: „De broeders aan Caledonrivier, Bosjesspruit en Slikspruit kon ik voor het grooter deel niet zien — die van Modderrivier en verder wilden met my niets te doen hebben, want zeiden zy: ‚Wy willen geen leeraar van het Westen hebben. Komt er een tot ons, hy moet van het Oosten komen.’” Wat hierdeur bedoel is, het ons reeds gesien. Die Ooste was Delagoabaai. Ds. Krige het die amptelike verslag van sy afvaardiging by die Ringsvergadering van Oktober 1846 ingedien en dit is met dank aangeneem.

V.

DIE EERSTE SINODALE AFVAARDIGING (1848).

Die volgende jaar (1847) het die Sinode in Kaapstad vergader. Daar was o.m. 'n beskrywingspunt ter tafel om „de aandacht van de HoogEerw. Vergadering te bepalen by de geestelyke aangelegenheden van de Uitgewekenen aan de Riet Rivier — dat middelen in het werk mogen worden gesteld om ze zoo spoedig mogelyk onder de zegeningen des Evangelies te brengen.”¹⁾ Tot toeligting het die voorsteller, Ds. W. A. Krige van Victoria [-Wes], 'n uitvoerige relaas gegee van sy besoek aan die Voortrekkers, waarna, „vele redenen hierover gewisseld zynde,” die Sinode met algemene stemme besluit het :

Dat eene Commissie benoemd worde om de Uitgewekenen te bezoeken met volle macht om alle zoodanige maatregelen in vereniging met hen te nemen, waardoor in hunne geestelyke behoeften op eene geregelde wyze kan worden voorzien; dat de Commissie thans worde benoemd; dat dit aan de Emigranten worde medegedeeld, en wanneer zy zich bereidwillig verklaren die Commissie behulpzaam te zyn om derwaarts te komen, dezelve haar taak alsdan volbrengende.²⁾

Tot lede van die kommissie is benoem : Di. A. Murray van Graaff-Reinet, J. F. Berrangé van Richmond en die ouderlinge Barend Pienaar van Richmond en De Wit van Victoria-Wes, „doch daar op ernstig aandringen van Ds. Berrangé om verschoond te mogen worden, en het aanhoren

¹⁾ Kaapse Kerkargief S13, pag. 218.

²⁾ Idem, pag. 87.

der gewigtige redenen door hem ingebracht, de vergadering met meerderheid van eénen stem besloot dat zyn verzoek zou worden toegestaan, werd in zyne plaats benoemd Ds. P. K. Albertyn van Prins-Albert, die met veel gevoel, hoewel al de zwaarigheden voelende, de taak op zich nam, gelyk



DS. A. MURRAY, SR.

ook Ds. Murray (die ook ernstig verzocht had verschoond te mogen worden) en de beide ouderlingen deden.”³⁾ Die ouderling De Wit het egter weens sekere omstandighede in die gemeente Victoria-Wes teruggetrek. Nadat 'n gunstige antwoord van „eenigen aan de Riet Rivier” ontvang en die nodige voorbereidsels tot die lange reis gemaak was, het die gedeputeerde kommissie op 3 Maart 1848 van die plaas Niekerksfontein, waar

³⁾ Kaapse Kerkargief S13, pag. 87.

die ouderling Pienaar in die Richmondse distrik gewoon het, vertrek. Die trek het uit twee perde-waens bestaan, wat verskaf was deur Mnr. Barend Burger van Vleikraal, distrik Murraysburg, en Mnr. Andries van der Merwe van Schietkraal, distrik Richmond.


Intussen was die teenswoordige Vrystaat ge-annekseer en tot Britse grondgebied verklaar. Oor die anneksasie het daar 'n verbitterde gevoel van ontevredenheid onder die mense geheers, 'n verbittering wat uitgeloop het op die slag van Boomplaas, wat dieselfde jaar op 29 Augustus plaasgevind het met 'n verlies, weens 'n misverstand, vir die wapens van die Boere.

Reeds op 9 Maart 1848 was die kommissie gevorder tot aan die Riet- en Modderriviere. Op verskillende middelpunte langs die riviere het hulle godsdiensoefeninge gehou. In Groenkloof aan die Rietrivier het hulle oorgegaan tot die stigting van die Ned.-Geref. gemeente Rietrivier in die omtrek van die plaas van 'n Mnr. W. D. Jacobs, destyds Sannaspoort genoem na 'n inboorlingvrou wat in die omtrek verongeluk is. Twee jaar later is daar 'n dorpie aangelê waaraan toe die naam Fauresmith gegee is ter ere van 'n welbekende Kaapse predikant, Ds. (later Dr.) Philip Faure, en die Goewerneur, Sir Harry Smith. Die stigting het plaasgevind in oorleg met die kerklike kommissie wat deur Ds. W. A. Krige die vorige jaar aangestel was. Die kommissie is toe vervang deur 'n vaste kerkraad „die het als hun meer bysondere pligt zouden beschouwen middelen in het werk te stellen ter bevordering van de Geestelyke belangen der Ingezetenen in deze omstreken.”⁴⁾ Op die kerkraad het drie ouderlinge en ses diakens gedien. By geleentheid van 'n godsdiensoefening

⁴⁾ Kaapse Kerkargief S14, pag. 36.

op die plaas Bultfontein van Mr. I. van der Westhuizen is die Heilige Doop bedien.

Oral is daar groot belangstelling aan die dag gelê „ofschoon het,” so het die kommissie ge-



DS. P. K. ALBERTYN.

rapporteur, „niet aan de zoodanigen ontbrak die zich slechts verheugden over de meer gemakke-lyke wyze om de H.Doop voor hunne kinderen te verkrygen.”⁵⁾ Maar regtig, dit was hoog tyd

⁵⁾ Kaapse Kerkargief S14, pag. 36.

dat die arm mense die doop op 'n bietjie geriefliker manier vir hul kinders kon verkry. Sedert hul vertrek uit die Kolonie kon hulle dit gedurende al die jare gladnie in hul midde verkry nie.

Van Modderrivier was die deputasie genoodsaak om sy verdere reis, weens die heersende perdesiekte, met ossewaens te doen. Hul plan was toe reguit Winburg-toe. Dog voor hul vertrek het hulle kennis ontvang „dat die Emigranten die teen de maatregelen van ons geëerbiedigd Gouverneur zyn, verklaard hadden, niet te zullen gedoogen dat zy hare reis verder voortzette, of ten minste niet toe te laten iets verder te verrigten.”⁶⁾ Van hierdie dreigement is nie eintlik notisie geneem nie en op Winburg het dan ook niks onaangenaams plaasgevind nie. Inteendeel, die kommissie het daar 'n reeks godsdiensoefeninge met doopsbediening waargeneem. Ook is by dié geleentheid voorgestel 'n nuwe kerkraad in die plek van die eerste, wat by die stigting van die gemeente deur Eerw. D. Lindley gekies was, en die kommissie rapporteer dat dit vir hulle „hoogst aangenaam was te vernemen dat de gekozene broeders allen welgezind zyn jegens het Gouvernement,” hoewel twee oud-kerkraadslede „hunne ontevredenheid betoonden . . . en een hunner vele onbezonnene tegenwerpingen tegen de werkzaamheid der Commissie had voortgebracht en ook nog op zyne terugreis eenige menschen die hy op weg naar de Kerkplaats ontmoette met hunne ongedoopte kinderen naar hunne woningen deed terugkeeren, verzekerende dat de Commissie Roomsgezinden zyn.”⁷⁾ Die opkomste was egter nie groot nie, waarvoor in dieselfde verslag „als een rede werd opgegeven dat velen den schimp

⁶⁾ Kaapse Kerkargief S14, pag. 36.

⁷⁾ Idem.

en de vervolging vreesden van diegenen die tegen Hare Majesteits Regering zyn wanneer zy aan de verrigtingen der Commissie deelnamen."

Die oorspronklike plan was dat die deputasie op Winburg sou omdraai, maar terwyl hulle daar was het hulle besluit om, indien moontlik, Potchefstroom te besoek. Om daar ingang te verkry, het hulle die tussenkoms versoek van 'n seker Louw Botha deur 'n brief „per expresse gezonden," waarop die geadresseerde egter geantwoord het „dat hy de brief aan hem gerigt had ontvang en met ongenoegen gelezen, en daar de Commissie hun autoriteiten niet schein te erkennen, hy zich overtuigd hield dat de Landdros van Mooi Rivier [Potchefstroom] niet zoude toelaten dat door de Commissie iets aldaar zou gedaan worden, waarom hy de ingesloten brief terugzond." ⁸⁾ In Potchefstroom het die poppe dan ook van die staanspoor af begin dans. Die kommissie het spoedig ontdek „dat er eene groote vooringenomenheid tegen de Commissie by de inwoners bestond, zoo zelfs dat het aanvankelyk schein dat zy het doel van haar komst niet zou bereiken." Sake het daar egter 'n gunstige wending geneem ten gevolge van die grootmoedige tussenkoms van kommandant Gerrit Kruger van Magaliesberg, wat aangedring het op „het pligtmatige om de Commissie behulpzaam te zyn tot bereiking van haar doel." ⁹⁾

Sir Harry Smith, die Kaapse Goewerneur, was met hierdie optrede van Kruger so ingenome dat hy, toe hy daarvan hoor, aan hom 'n brief van bedanking geskryf het, wat in 'n Kaapse koerant¹⁰⁾ gepubliseer is en waarin 'n baie ongeluk-

⁸⁾ Kaapse Kerkargief S14, pag. 36.

⁹⁾ Idem.

¹⁰⁾ *The Commercial Advertiser*, 2 September 1848.

kige stelling voorgekom het, naamlik dat die predikante Murray en Albertyn „were sent by the Synod among you for Christian and political purposes.” Hierdie uitlating het groot opspraak in kerklike kringe in Kaapland verwek en daarteen is sterk eksepsie geneem en in onomwonde terme geprotesteer, want dit was 'n onwaarheid dat die kommissie vir politieke doeleindes deur die Sinode afgevaardig was. Ná baie geskryf het die Gouwerneur homself uit die verleentheid gered deur te verklaar dat die lettersetter of oorskrywer die woordjie „not” uit die sin in sy brief weggelaat het en dat dit dus as volg moet lui: „These gentlemen were sent by the Synod among you for Christian and not political purposes.” Die saak is toe maar daarby gelaat, dog dit was dieselfde Sir Harry Smith wat die jaar tevore (1847) verklaar het „dat hy die Emigrante voortaan met die geestelike swaard sou beveg, as hy dit nie met die wêreldlike swaard kon reg kry nie.”¹¹⁾

Dog om tot die deputasie se werk op Winburg terug te keer. Danksy die tussenkoms van kommandant Kruger, wat 'n familiebetrekking van die later president Kruger was, het die verdere werksaamhede sonder enige beletsels plaasgevind. Die mense het van heinde en verre uit Transvaal opgekom om die godsdiensoefeninge by te woon. Honderde kinders is toe gedoop, want dit was die eerste besoek deur Ned. Geref. predikante in dié geweste.

Op die dag van hul vertrek (20 April 1848) van Potchefstroom was hulle bly om te ontwaar „dat de vooringenomenheid tegen de Commissie plaats had gemaakt voor eene hartelyke belangstelling.” In hierdie verband moet melding gemaak word van 'n mondelinge mededeling wat

¹¹⁾ Almanak voor de Ned. Hervormde Kerk, 1929, pag. 170.

wyle Ds. J. R. Albertyn van Wellington, 'n seun van die deputaat Ds. P. K. Albertyn, van sy vader ontvang en aan my gedoen het. 'n Seker



OUERLING BAREND PIENAAR.

vrou in Potchefstroom was aan die begin erg vyandig teenoor die kommissie, hoewel hulle op 'n voorlopige vergadering duidelik gemaak het dat hul sending 'n kerklik-godsdiensige was en niks met die regering te doen gehad het nie. „Ja,” sê die vrou, „julle predikante sê julle kom na ons met die Bybel, maar agter julle sit die Britse Goewerment.” Dieselfde aand is die eerste diens gehou. Intussen het daar 'n groot onweêr opgekom. Ná afloop van die diens is die leraars, wat hul verblyf in 'n tent gehad het, uitgenooi om hul intrek te neem in 'n behoorlike woning. Die huismoeder het hulle buitengewone vriende-

likheid betoon. Voordat hulle egter te ruste gegaan het, het Ds. Albertyn, bemerkende wie dit was, aan haar gesê: „Maar is u dan nie die vrou wat gesê het dat die Britse Goewerment agter ons sit nie?” „Ja, meneer,” was die antwoord, „maar nou dat ek u die evangelie hoor preek het, is ek oortuig dat die Engelse Goewerment nie agter julle sit nie.”

Op die terugreis het die kommissie Winburg andermaal besoek, toe dit hulle aangenaam was „te vernemen dat velen die van de vorige gelegenheid geen gebruik maakten, thans ter bywoning van de godsdienst waren opgekomen.”¹²⁾ Van Winburg het hulle die reis voortgesit na Bo-Modderrivier. Andermaal ook is Rietrivier besoek, waar op 8 Mei op Plaatjiesfontein tot die aankoop van 'n kerkplaas by Suurfontein besluit is. Teen die end van die maand Mei was die deputasie in die Kolonie terug. Die herderlike besoek het ruim drie maande geduur. Die verskillende dienste was na skatting deur drie- tot vierduisend mense bygewoon, terwyl aan ruim aghonderd kinders die Heilige Doop bedien is. Opmerklik, die Nagmaal is nêrens bedien nie. Aan die Rietrivier is die viering wat in die ope lug sou plaasvind, verhinder deur die aanhoudende onweer, terwyl in Potchefstroom en Winburg die kommissie „wegens den onrustigen toestand waarin de menschen zich bevonden bezwaar gevonden had het H. Avondmaal uit te deelen, te meer daar niemand daartoe een ernstige begeerte openbaarde.”¹³⁾

Op 4 Augustus 1848 het Ds. Murray namens die kommissie hul offisiële verslag by die Actuarius Synodi ingedien, met begeleiding van 'n Engelse briefie waarin hierdie sin voorkom: „I cannot tell

¹²⁾ Kaapse Kerkargief S14, pag. 36.

¹³⁾ Idem.

what I feel for many of the truly well-disposed people in Rietrivier, Cornsprit and Sandriver in their present circumstances. If I am not altogether mistaken, many of them wished to fear God and honour the Queen [Victoria], but you know they are ignorant and timid, and the fear of losing their property has doubtless induced them to take part in those measures from which they would otherwise have felt an utter aversion.”¹⁴⁾

Die verslag eindig met 'n dringende aanbeveling „dat zoo spoedig mogelyk eene andere Commissie naar deze Uitgewekenen gezonden worde,” aangesien die kommissie oortuig was „dat indien zulks niet plaats vindt, hare geringe pogingen ter bevordering van de wezenlyke belangen der Uitgewekenen grootendeels vruchteloos zullen blyken te zyn.”¹⁵⁾

Hoe op hierdie aanbeveling vanweë die Kerk gereageer is, sal uit die volgende hoofstuk blyk.

¹⁴⁾ Kaapse Kerkargief S14, pag. 36.

¹⁵⁾ Idem.